higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N360**(A)**(M31)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

EKONOMIE N4

(22020034)

31 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EKONOMIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.
3. Lees eers AL die vrae in AFDELING B deur voordat jy die vereiste DRIE vrae beantwoord.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Benoem ALLE grafieke duidelik.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die geldmark is 'n mark vir ...-termynbesparings en -lenings.

A kort
B kort- en lang
C medium
D lang

1.1.2 Tydens 'n ekonomiese ressessie verhoog ...

A werkloosheid.
B produksie.
C besteding.
D sowel A as B.

1.1.3 Ekonomiese groei word aan die hand van die ... gemeet.

A reële BBP
B reële BBP per capita
C nominale BBP
D nominale BNP

1.1.4 Die mark wat 'n groot regeringsinvloed en -beheer uitoefen, kan as ... beskryf word.

A ongereguleer
B gedereguleer
C gereguleer
D sowel A as B

1.1.5 Die waarde van insette wat in die entrepreneur se besit is en in die produksieproses gebruik word, staan as ... koste bekend.

A veranderlike
B uitdruklike
C implisiete
D direkte

1.1.6 Die term *geleentheidskoste* ...

A kan op die ontleding van enige besluitnemingsproses toegepas word.
B is slegs in die ekonomie van toepassing.
C het slegs op werklike betalings en ontvangste betrekking.
D is op verbruikers van toepassing maar nie op firmas nie.

1.1.7 'n Patent wat aan 'n persoon die eksklusiewe regte verleen om 'n produk te vervaardig, is 'n kenmerk van 'n ... monopolie.

A kunsmatige
B natuurlike
C plaaslike
D oppervlakkige

1.1.8 Die basiese ekonomiese probleem is ...

A die bevolkingsontploffing.
B te veel regeringsverkwisting.
C die skaarste van hulpbronne.
D die prysstygings.

1.1.9 Die konvekse vorm van die indifferensiekrommes kan aan die hand van die wet van ... uitgedruk word.

A afnemende grensnut
B vraag
C afnemende grensvervangingskoers
D substitusie

1.1.10 Die som van die nut wat uit die verbruik van 'n produk afgelei word, staan as ... bekend.

A die totaal
B die gemiddelde
C afnemende nut
D grensnut

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Verskuiwing van die vraagkromme na links veroorsaak 'n toename in aanbod.

1.2.2 Die vraag na arbeid is nie 'n toegekende vraag nie.

1.2.3 Die bruto nasionale produk is die totaal van alle goedere wat binne die grense van 'n land geproduseer word.

1.2.4 Eskom is 'n tipiese voorbeeld van 'n monopolistiese mark.

1.2.5 Die ekonomiese probleem word deur onbeperkte behoeftes teenoor beperkte middele of hulpbronne gekenmerk.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 'n Firma moet oor die algemeen sy besigheid toemaak by die punt waar sy grensinkomste gelyk is aan sy ...

1.3.2 Die belangrikste bepalende faktor van hoeveel 'n huishouding verbruik, is ...

1.3.3 ... beskryf wat gebeur wanneer die skaal van produksie op die lange duur verhoog terwyl alle produksiepeile veranderlik is.

1.3.4 Die vraag na kapitaal is hoër in lande met 'n goed ontwikkelde ...

1.3.5 Die belangrikste ekonomiese aanwyser, wat konstant gebruik word om die stand van 'n land se ekonomie te bepaal, is die ...

(5 × 2) (10)

1.4 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Die vraag oor wat, hoe en vir wie in 'n volmaak mededingende mark geproduseer moet word, word deur die (sentrale regering/markkragte van vraag en aanbod) bepaal.

1.4.2 (Wins/Lone) is een van die kwessies wat met die arbeidsmark verband hou.

1.4.3 Wanneer die ekonomie tot 'n vorige of beter posisie teruggebring word, word dit 'n (piek/herstel) genoem.

1.4.4 Wanneer pryse van goedere in verhouding tot dié van ander goedere uitgedruk word, word dit (nominale/relatiewe) prysing genoem.

1.4.5 (Industrialisering/Globalisering) is die proses waarvolgens wisselwerking tussen lande in die wêreld plaasvind om hul ekonomieë nader aan mekaar te bring.

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL VIR AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.


VRAAG 2

2.1 Verduidelik die term *vraag*. (2)

2.2 Differensieer tussen die *makro-ekonomie* en die *mikro-ekonomie*. (2 × 2) (4)

2.3 Verduidelik VYF faktore wat die hoeveelheid van goedere aangebied beïnvloed. (5 × 2) (10)

2.4 Bestudeer die grafiek hier onder en beantwoord die vrae.



2.4.1 Gee die ewewigsprys en die hoeveelheid daarvan uit die grafiek hier bo. (2)

2.4.2 Wat verstaan jy onder die term *ewewigspunt*? (2)

2.4.3 Hoeveel eenhede sal verskaffers teen 'n prys van R250 te koop aanbied? (2)

2.4.4 Die hoeveelheid gevra teen 'n prys van R200 verskil van die hoeveelheid aangebied.

Bereken die verskil en dui aan of daar 'n surplus of 'n tekort betreffende die aanbod is. (5)

2.5 Noem VIER faktore wat verbruiksbesteding deur huishoudings bepaal. (4 × 2) (8)

2.6 Dui VYF vorme van die elastisiteit van vraag aan. (5)

2.7 Bespreek VIER kenmerke van 'n monopolie. (10)
[50]

VRAAG 3

3.1 Bespreek nut onder elkeen van die volgende opskrifte:


3.1.1 Definisie (3)

3.1.2 Vorme van nut (9)

3.1.3 Grensnut (3)

3.2 Bestudeer die volgende tabel en beantwoord die vrae:

PRODUKSIEMOONTLIKHEIDSKROMME



3.2.1 Verduidelik die doel van die produksiemoontlikheidskromme. (3)

3.2.2 Is produksie by punt H moontlik? Gee redes vir jou antwoord. (3)

3.2.3 Watter punt op die grafiek word as ondoeltreffend beskou en waarom? (3)

3.2.4 As al die hulpbronne vir die produksie van appels gebruik word, hoeveel appels kan geproduseer word? (2)

3.3 Gee die VIER kenmerke van indifferensiekrommes. (4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

3.4 Kopieer die volgende tabel in die ANTWOORDBOEK en voltooi dit deur *eienaarskap* en *motivering* as die ekonomiese kenmerke van *kapitalisme* en *beplande ekonomiese stelsels* met mekaar te vergelyk.

KAPITALISME	BEPLANDE EKONOMIESE STELSEL
Eienaarskap	**Eienaarskap**
Motivering	**Motivering**

(16)
[50]

VRAAG 4

4.1 Dui VIER soorte elastisiteitsvraag aan. (4)

4.2 Bestudeer die tabel hier onder en beantwoord die vrae.

HOEVEELHEID	VASTE KOSTE (R)	VERANDERLIKE KOSTE	TOTALE KOSTE (R)	GEMIDDELDE TOTALE KOSTE (R)
1	10	4	14	14
2	10	6	16	8
3	10	18	**A**	
4	10	14	24	**B**

4.2.1 Bereken A en B in die tabel hier bo. (2 × 2) (4)

4.2.2 Differensieer tussen *vaste koste* en *veranderlike koste*. (2 × 2) (4)

4.2.3 Verduidelik die term *grenskoste*. (2)

4.3 Bestudeer die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

KORT TERMYN EN LANG TERMYN

Die kort termyn of die lang termyn is nie 'n definitiewe tydperk nie. Dit kan iets verskillends vir verskillende ondernemings beteken. Dit is bloot 'n tydperk wat van enige tydsduur kan wees.

[Aangepas uit: *Focus*]

4.3.1 Wat is die verskil tussen *kort termyn* en *lang termyn* in 'n onderneming? (2 × 3) (6)

4.3.2 Wat verstaan jy onder die term *gemiddelde inkomste*? (2)

4.3.3 Gee die formule om die totale inkomste (TR) te bereken. (2)

4.4 Onderskei tussen *ekonomiese wins* en *normale wins*. (2 × 4) (8)

4.5 Hoe verskil *normale goedere* van *minderwaardige goedere*? (2 × 3) (6)

4.6 Konstrueer 'n indifferensiekromme met behulp van die inligting in die skedule hier onder en benoem die grafiek.

KOMBINASIE	SHELLIES	FEESHIES
A	30	7
B	25	14
C	20	19
D	15	24
E	10	27
F	5	30

(10)

4.7 Verduidelik die wet van afnemende meeropbrengste. (2)
[50]

VRAAG 5

5.1 Noem en verduidelik VIER soorte markstelsels. (12)

5.2 Trek die grensnutkromme met behulp van die inligting in die tabel hier onder.

AANTAL APPELS	TOTALE NUT	GRENSNUT
1	100	100
2	180	80
3	230	50
4	250	20
5	260	10
6	240	-20

(10)

5.3 Verduidelik elkeen van die volgende terme:

5.3.1 Grensinkomste

5.3.2 Gemiddelde inkomste

(2 × 3) (6)

5.4 Hoe word die totale inkomste bereken? (2)

5.5 Verduidelik die kenmerke van 'n volmaakte mark. (5 × 2) (10)

5.6 Bespreek *natuurlikemonopolie-versperrings* en *kunsmatigemonopolie-versperrings* ten opsigte van toegang tot die mark. (2 × 3) (6)

5.7 Dui enige VIER faktore aan wat die elastisiteit van vraag beïnvloed. (4)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou